NG GEMEENTE BLOEMFONTEIN-WES

Vakature: Koster/Faktotum

Die dienste van 'n Koster/Faktotum word benodig wat aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n baie netjiese persoon wat onafhanklik en deeglik kan werk;
- iemand wat uitstekend met alle mense oor die weg kan kom;
- iemand wat sterk inisiatief kan neem, goed in 'n span kan saamwerk en wat onder druk steeds goed en beleefd sal kommunikeer;
- iemand wat uiters georganiseerd en analities kan funksioneer en 'n basiese kennis het van:
  - elektriese werk
  - loodgieterswerk
  - lief is vir tuinbou
  - bou-ervaring/kennis
  - huishoudelike orde
- 'n persoon wat verkieslik 'n NG Kerk-lidmaat is
- iemand wat fisies sterk en fiks genoeg is om die pas vol te hou
- 'n verantwoordelike sleuteldraer van die kerk sal wees
- rekenaarvaardigheid word sterk aanbeveel
- basiese kennis van klanktoerusting word aanbeveel
- eie vervoer ('n bakkie) word sterk aanbeveel

Pligte behels onder meer:

- instandhouding en opgradering van geboue;
- instandhouding van gedenkmuur;
- aankoop van voorrade;
- reëlings tref met kontrakteurs vir die diens van kerkimplemente soos byvoorbeeld lugverkoelers, brandblussers, ensovoorts;
- beplanning, beheer en toesig oor werkers se werksaamhede;
- meublement- en toerustingvoorraadopname;
- tuine - instandhouding en verfraaiing van terrein;
- instandhouding van boorgat en waterpomptoerusting;
- verantwoordelik vir fasiliteite se gebruik op Sondae en tydens kerkfunksies; en
- verantwoordelik vir logistiek met begrafnisse, kermisse, markte en ander fondsinsamelings;
- verantwoordelik vir logistiek met verhuring van lokale

Salaris is op aanvraag by die kantoor beskikbaar.

Die kerkraad behou die reg voor om sonder opgaaf van redes, nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

'n Volledige CV met naspeurbare karakterverwysings, kan per hand by die kerkkantoor te Victoriaweg 45, Willows ingedien word, of per e-pos gestuur word aan ngkbw@bloemonline.co.za

AANSOEKE SLUIT OP VRYDAG 26 APRIL 2019 OM 12:00.

Vir navrae kontak Claudette by 051 444 2403 (k)